

Donderdag 12 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13,
14 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense
4:13

Moenie onkundig wees nie

Laat ons vir 'n oomblik ons die omstandighede van die eerste-eeuse gelowiges in Tessalonika voorstel. Hulle lewe sowat 20 jaar ná die dood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Die vlam van hoop op sy spoedige weerkoms brand nog (1 Tess. 1:10; 2:19 ens.). Maar, intussen is daar geliefdes en medegelowiges wat besig is om dood te gaan. Wat gaan dan nou van hulle word? Gepaardgaande hiermee, die vraag: Hoe lyk my eie toekoms die dag as ek finaal die hoof neerlê?

Die apostel Paulus vermaan en bemoedig hulle, maar ook ons. Laat ons nie treur soos dié wat geen hoop het nie. Dit is nie verkeerd om te treur nie, maar die gelowige se smart oorskadu nie die hoop wat hy/sy in die evangelie het nie. Te midde van die hartseer, die verlies en miskien die bekommernis weet ons dat die gelowiges wat gesterf het terwyl hulle in Christus glo, die hoop op 'n eie salige opstanding het.

Op grond waarvan hoop hulle dit? Christus het self gesterf en weer opgestaan en omdat die gelowiges *in Christus* leef, is hulle nou ook deel van die opstanding wat met sy eerste koms gepaardgegaan het. Die gelowiges wat voor die wederkoms sterf, se verne-derde liggame word dan in 'n oomblik verander *om gelykvormig te word* aan die Here Jesus se eie *verheerlikte liggaam* (Fil. 3:20, 21). Saam met dié wat dan nog lewe, gaan hulle hul Verlosser tegemoet.

Sing: Psalm 89:1, 3 (1936)

Ds. (Gustav Opperman (Matlabas))